VOORWAARDES WAAROP MEUBELS VERVOER, VERPAK EN GESTOOR WORD.

Omdat ons altyd ons kliënte die beste diens en sy tevredenheid wil gee, wens ons graag u samewerking te verkry i.v.m. die volgende wanneer ons u meubels vervoer.

1. Hangkaste of ander meubelment moet onder geen omstandighede gebruik word om in te pak nie.
2. Alle water moet uit yskaste, vrieskaste en wasmasjiene verwyder word.
3. Waar motors van yskaste en wasmasjiene vasgedraai moet word, moet die eienaar dit self doen of aan die bestuurder van die vragmotor uitgewys word.
4. Alle linneware moet verpak wees, tensy, dit anders met ons gereël is.
5. Juweliers, ammunisie, sleutels, medaljes en vuurwapens moet deur die eienaar self vervoer word.
6. Wyn en drank versameling moet self deur die eienaar verpak en geseël word.
7. Dit is die eienaar se plig om toe te sien dat alle goedere gelaai is.
8. Delikate Masjiene soos oop radios, platespelers, Breimasjiene, Hoëtroustelle, DVD stele, Videomasjiene en horlosies ens. moet deur die eienaar self verpak word. Tensy anders met ons gereël is.
9. Naaimasjiene moet uit kabinette verwyder word en apart verpak word.
10. Blomme moet nie natgegooi word voor en tydens vervoer nie.
11. Plante sal op eienaar se risiko vervoer word.
12. Alle goedere verpak in kaste moet so verpak wees dat 2 mans dit kan kanteer.
13. Elektriese drade van bedlampe aan bedkoppe vasgesit, of enige ander intallasies in huis moet deur die eienaar self ontkoppel word.
14. Geen duiwehokke, draad en pale, motormasjiene, sementblokke of bome sal vervoer word nie tensy vooraf gereël
15. Alle antieke meubelment, skildrye ens. word op eienaar se risiko vervoer tensy anders gereël deur ekstra Assuransie.
16. AANSPREEKLIKHEID VIR VERLIES OF SKADE: die kwotasies wat ons gee sluit Versekering teen Brand, Botsing, Omslaan en Kaping in terwyl ons meubels vervoer. Ons is nie verantwoordelik as iets in Bokse breek nie, tensy daar gesien word hoe ‘n boks geval of beskadig word deur die vervoer mense.
17. Indien eienaar toelaat dat voertuig in erf ingaan, sal dit gedoen word op eienaar se risiko.
18. Vlambare vloeistowwe, verfblikke en gasbottels sal onder geen omstandighede vervoer word nie.
19. Geen eise kan teen die kontrakteur ingestel word indien meubels by ‘n ander kontrakteur geberg word en ten tye van aflaai nie in orde gevind was nie.
20. Indien vragmotor bestemming bereik en kliënte vertraging in aflaai veroorsaak, sal R100.00 per uur gehef word.
21. Eis of despuut sal nie as rede aangevoer kan word om die betaling van die meubelvervoer en of stoorgeld terug te hou nie. Alle gelde vir die meubelvervoer is stiptlik betaalbaar soos gereël met die aanvaarding van die kwotasie.

L-Thea de Jager

Handtekening
15/03/2022